

27 Mei Esegiël 37:1-8

(Teks: 37:8)

Nuwe lewe sonder die gees

In hierdie Skrifgedeelte is die meeste elemente teenwoordig wat tot 'n nuwe lewe kan lei. Hier is sprake van 'n goeie prediker (die profeet) wat op die bevel van die HERE sy woord gaan verkondig het. Nuwe lewe het onder die mense sigbaar geword, maar daar was geen gees in hulle nie.

Die prediker was die profeet Esegiël. Hy was onder die ballinge in Babilonië. Sy prediking was egter nie tot werklike mense gerig nie. Hy het in 'n visioen 'n menigte dor en droë mensbene gesien. Op bevel van die HERE het hy vir die droë bene gepreek. Die bene het na mekaar beweeg sodat daar volledige menslike skelette ontstaan het. Senings en vleis het in plekke gekom en velle is oor die liggame getrek. Die bene was 'n voorstelling van die Israëliete wat in ballingskap van alle aardse besittings beroof was en in totale moedeloosheid verval het. Hulle het een groot begeerte gehad en dit was om weer in hulle vrugbare land by al hulle besittings terug te wees.

Esegiël het geprofeteer dat hulle sal terugkeer. Die volk het later ook na Palestina teruggekeer. Wat egter kort gekom het was lewensasem. Hulle het nie gees gehad nie. Wat hulle gedink het dat hulle nodig gehad het, het hulle gevind, maar hulle geloof was oppervlakkig.

Aanmoediging, advies, goeie raad en prediking kan wonders verrig. Sonder die versoening deur Christus en die werk en inwoning van die Heilige Gees beteken aardse skatte, landsbesit, politieke mag, gesondheid en rykdom niks nie. Sonder gees bly die liggame lyke. Soek daarom eers die koninkryk van die hemele en al die ander dinge sal bygevoeg word.

Sing Ps. 134:1-3

Prof. F.N. Lion-Cachet (Emeritus)